VIR JOU, MY VRIENDIN

1

NHSV-Hoofbestuur

VIR JOU, MY VRIENDIN

1

'n Geskenkboekie

Deur die

NHSV-HOOFBESTUUR

Kital

Uitgegee in opdrag van die NHSV Hoofbestuur
met die 50 jarige bestaan van
"die Christelike Vrou"

REDAKSIE:
Bets Booysen
Anna Marie Deetlefs
Corrie Gothan
Debbie Kampherbeek
Alida Naudé
Annatjie Smit
Tienie Stoltz

MEDEWERKERS:
Monica Beukes
Dibbie Botha
Bep du Toit
Trienie Erasmus
Beatrix Kruger
Niekie van Loggerenberg
Zania van Wyk

BUITEBLAD EN SKETSE:
Tienie Stoltz

© 1993 Kital
Uitgegee deur Kital, Posbus 7193, PRETORIA, 0001

ISBN 1-874900-09-4

Gedruk deur Gutenberg Pers, Pretoria
Eerste Uitgawe, Eerste Druk 1993

© Kopiereg voorbehou, Kital

DANKIE HEER VIR SO 'n VRIENDIN

Ek wil 'n ode opdra aan jou, 'n loflied vir jou sing en 'n dankie vir jou bid, my vriendin. Jy is vir my kosbaarder as pêrels, meer waardevol as fyn goud.

Hoe wonderlik is dit om iemand te hê wat saam dink, dieselfde voel en met wie ek alles kan deel. Voor haar hoef ek geen pretensie te handhaaf nie. Ek hoef nie geleerd, of op die hoogte of "in" te klink nie. Ek hoef nie met inspanning gesprekke te stuur en te beheer nie. Ek kan maar net ek wees. Ek kan my begeertes en my vrese, my probleme en my mislukkings met haar deel, sonder om na die tyd spyt te wees oor my openhartigheid. Sy laat my altyd beter oor myself voel, en sy laat my perspektief oor my probleme kry. En sy gaan verkondig nie alles op die straathoeke nie. Sy is altyd 'n voorbeeld in vriendelikheid en in gasvryheid - by haar kuier 'n mens altyd so lekker!

Liewe Heer,

Dankie dat U die wonder van hierdie vriendskap in my lewe gebring het. Maak my hierdie vriendin werd, bowenal, laat my vir haar en ook vir ander so 'n vriendin wees.

INHOUDSOPGAWE

Ek deel graag met jou ... **Bladsy**

DANKIE HEER, VIR SO 'N VRIENDIN	Alida Gothan	i

ERNS

VRIENDSKAP	Bets Booysen	1
VRIENDE	Beatrix Kruger	2
OM TE WEN	Nickie van Loggerenberg	3
IN VOOR-EN TEëSPOED	Nickie van Loggerenberg	5
LAAT EK DIT NOU DOEN	Nickie van Loggerenberg	6
EK HET 'N PRENTJIE	Anna Marie Deetlefs	7
EK KAN NIE ONTHOU NIE	Tienie Stoltz	8
GIETVORMS	Corrie du Plessis	10
EK IS 'N REGUIT MENS	Monica Beukes	11
SUKKEL JY?	Tienie Stoltz	12
'N MENS IS 'N WONDERLIKE DING	Tienie Stoltz	14
EK SAL SELF	Tienie Stoltz	15
ALLES WAT EK BESIT	Tienie Stoltz	16
HOE OUD IS OUD?	Bets Booysen	18
GISTER, VANDAG EN MôRE	Corrie du Plessis	19
VERAL 'N HORLOSIE	Alida Gothan	20
OUMAS	Beatrix Kruger	22
HANDE	Corrie du Plessis	23
VANDAG SE VROU	Dibbie Botha	25

EMOSIES

		Bladsy
DANKBAARHEID	Trienie Erasmus	26
LOJALITEIT	Bets Booysen	27
TRAPPE VAN GELUK	Tienie Stoltz	28
VREDE	Bets Booysen	29
KYK OP NA DIE BERGE	Zania van Wyk	30
BEPROEWING	Trienie Erasmus	31
HIER IS EK - WAAR IS JY?	Bets Booysen	32
MY LIEWE KIND	Debbie Kampherbeek	33
EK HOU VAN DIE REëN DAARBUITE	Corrie du Plessis	34
OUJAAR	Corrie du Plessis	35

HUMOR

KNAPSEKêREL - BLOMMETJIES	Tienie Stoltz	36
EK SKAAM MY DOOD	Zania van Wyk	37
OUMA, EK IS LIEF VIR JOU TOT BY ...	Bets Booysen	38
ETIKET EN GOEIE MANIERE	Monica Beukes	39
SOEN	Corrie du Plessis	40
HOEKOM?	Bep du Toit	41
HUIS, PALEIS, PONDOK, VARKHOK	Corrie du Plessis	42
DIE NAGKABAAI	Bets Booysen	43

VRIENDSKAP

Daar is al so baie definisies vir ware vriendskap dat dit moeilik sal wees om met 'n oorspronklike vorendag te kom. Ek het egter deur ervaring geleer wat dit is - nie deur woorde nie, nie deur dade nie, maar deur 'n vriendin wat my aanvaar soos ek is.

'n Ware vriendin toon begrip en meelewing. Afstand bring geen verwydering nie, dit maak geen inbreuk op die vriendskap nie.

By haar kan jy jouself wees. Jy hoef nie emosies weg te steek nie - kwaad, ongelukkig, hartseer, bly - jy kan maar voluit daaraan uiting gee. sy sal probeer verstaan.

Saam met haar kan jy lag én huil.

Sy is nooit jaloers nie. Sy is saam met jou bly oor 'n besonderse geskenk, sy jubel saam oor prestasies. Sy is opreg bly as dit met jou goed gaan en sy gee ondersteuning as dit sleg gaan. Wanneer jy haar nodig het, is sy daar. Sy los alles om vir jou beskikbaar te wees. Jy hoef nooit bang te wees dat jy op 'n ongeleë tyd by haar sal aankom nie, want jy is altyd welkom.

'n Ware vriendin wil altyd gee. Sy wonder nooit wat iemand vir háár kan doen nie, maar wat sy vir jou kan doen.

So 'n vriendin is 'n kosbare besitting en moet goed opgepas en waardeer word. 'n Mens is gelukkig en geseënd as jy so 'n vriendin het!

VRIENDE

Dis darem verrassend hoe en waar 'n mens vriende maak en watter uitsonderlike maniere die Here gebruik om jou by die regte mense op die regte tyd te laat uitkom. So iets soos toeval bestaan net nie in sy wonderlike beskikking nie.

Een laat middag is die baba alte lastig, daardie tyd wat al somtyds "the valley of the shadow" genoem is, die aller moeilikste tyd van die dag vir 'n ma met kleuters.

Die tyd wanneer dit nog hopeloos te vroeg is vir kos gee, baba in die bed sit, maar die baba is moeg en klaerig. Ma is totaal uitgeput en sien self reikhalsend uit na die bed en rustigheid. Sy weet egter verseker, hierdie knapie moet ten alle koste wakker gehou word tot heelwat later, anders is hy drie uur die volgende more uitgeslaap, en sy beslis nog nie, (kry 'n mens ooit genoeg slaap wanneer jy klein kindertjies het?) dan is haar dag boonop onmoontlik lank.

Nou wel, op so 'n geleentheid, besluit ek dit is net die tyd om met die kroos om die blok te gaan stap en om dan sommer gelyktydig die pos vir die kassier af te lewer.

Oppad soontoe ontmoet een van die seuns 'n maatjie en hulle is met groot vreugde, hand om die lyf by die huis in. Die ma was in die tuin en kom na my aangestap en sê ewe vriendelik: "Is dit nou Andries se Ma? Ek is so bly dat jy by my kom kuier het."

Ek was totaal uit die veld geslaan deur die wild vreemde vrou se vriendelikheid, en stap maar ewe gedwee saam huis toe. Die pos vergete in die waentjie. Ons het heerlik gesels, tee gedrink, die kinders het die baba vermaak, en ons is later huis toe waar alles rustig en vlot verloop het.

Min het ek toe besef, dat ek so pas 'n engel ontmoet het, wat vir my deur vele uitputtende dae as steunpilaar sou dien. Wie se huis vir my 'n hawe sou word, om gou my batterye te gaan laai, en wat sommer by my sou inval en help skottelgoed was of wasgoed ophang as die ark weer oop was.

Dit is regtig waar, sulke vriende is van die grootste genadegawes wat ons alwyse Vader in sy liefde, aan ons kon gee.

Ek hoop u en ek was ook al by geleentheid vir iemand so 'n vriendin.

OM TE WEN

Ja waarlik, ons lewe in 'n kompeterende wêreld. Lande wedywer met mekaar in alle vertakkings van sport, wêreldmarkte, in die toeristebedryf, in lugvervoer. Provinsies, dorpe, maatskappye en skole ding met mekaar mee en so kan ons die wedywering al nouer sirkel tot by die gesin en elke lid daarvan.

Ons word boonop oorstroom met wedstryde en kompetisies in tydskrifte en koerante, oor televisie en radio, en in ons posbusse. Wen 'n motor, wen 'n oorsese reis of hoe sal u daarvan hou om 'n kitsmiljoenêr te word? Selfs oor die telefoon juig 'n vreemde stemmetjie, (al het jy vir geen kompetisie ingeskryf nie) "Mevrou, u het 'n prys gewen! Al wat u moet doen is - bla-bla-bla" en die prys blyk op die ou end 'n stukkie aas te wees wat die vis moet aankeer! Die kompetisiekoors syfer deur tot in ons gesindhede. Daar is jaloesie en wedywering tussen bure en vriende oor meer luukse huise, motors, meubels. By die werk ly sommige kollegas ook daaraan. Dit kan almal se lewens versuur en samewerking bemoeilik. Selfs in ons kerklike werksaamhede kom die simptome soms voor.

Tuis plaas dit groot druk op ons kinders. Dis professionele afrigters, ure langs sportvelde, privaat klasse. Hulle moet presteer, hulle moet wen. Het óns dalk nie goed genoeg presteer nie en nou moet ons kinders vir ons die roem inoes?

'n Bietjie kras nê! Ja, dis met opset gedoen om ons weer 'n slag indringend te laat nadink oor ons motiewe, prioriteite en metodes. Natuurlik moet ons ons kinders die geleentheid gee om hulle talente te ontwikkel: ons moet hulle motiveer, selfvertroue gee, maar met liefdevolle begrip en aanvaarding van my kind se belangstelling, vermoëns en beperkings.

Dit is egter 'n onweerlegbare waarheid dat niemand elke keer 'n wenner kan wees nie. Ons kom dikwels tweede, in die bondel of laaste! Daarom moet almal, groot en klein, leer om, as ons ons bes gedoen het en tog nie wen nie, die wenners hulle oorwinning te gun en met grasie te verloor.

Dit sal vir ons almal veel beter wees om met onsself te kompeteer.

Met die mate van sukses wat ek vandag gehad het, het ek baie geleer.

Daarom sal ek môre daarop kan verbeter, of dit in 'n eksamen was, of op die sportveld of met die rok wat ek gemaak het, die koek wat ek gebak het, of 'n taak wat in my werk aan my opgedra is.

Maar terwyl ek kompeteer, wat van die persoon langs my? Hardloop ek my marathon in die Comrades-gees? Om 'n hand uit te steek na die een wat struikel al sou dit 'n vertraging beteken?

Dit wys ons direk na die tweede gedeelte van die grootste gebod, wat Christus vir die skrifgeleerdes, en alle mense ná hulle, ook vir my, voorgehou het:

"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Maar dit kan ons alleen regkry as ons die eerste gedeelte nakom:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand."

Maar daar is een kompetisie waar ons almal wenners kan wees. In Hebreërs 12 is Paulus die afrigter wat ons raad gee oor die wedloop van die lewe:

"Laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof... Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."

Dan kan ons in Jesus Christus die stryd klaar stry, die geloof behou en as wenners die wedloop voleindig.

IN VOOR- EN TEëSPOED

Ek dink weer vandag aan 'n klein plakkaat wat in 'n kollega se klaskamer gehang het:

> *Lord, I know that nothing can happen today that*
> *You and I cannot handle together.*

Dit is so waar - maar ek kan darem nie help om te glimlag nie. Met groot piëteit gesê, dit laat my so dink aan die storie van die mier en die olifant wat oor die bruggie geloop het. Halfpad sê die mier: "Wêreld, maar ons twee laat die brug darem bewe, né!"

Ons openbaar dikwels dieselfde miervermetelheid om ons eie gewig so te oorskat. Hoe dikwels dink 'n mens - ek sal darem nie in 'n krisis so inmekaarstort of tou opgooi soos dié of daardie persoon nie. Sommige mense is geestelik sterker as ander, net soos liggaamlike krag ook verskil. Maar, wie weet, as ek dieselfde las op daardie tydstip moet dra, sou ek miskien ook geval en bly lê het.

Daar is nêrens in die Bybel 'n belofte gemaak dat die kind van God nooit 'n krisis sal beleef nie. Nou kan 'n mens kies - jy kan vreesbevange elke môre opstaan en dink aan al die rampe en ongelukke wat jou of een van jou dierbares kan tref, of jy kan met dankbaarheid elke nuwe dag uit die Skepper se hand ontvang en met vertroue daardeur gaan, want daar is wel beloof dat die kind van God nooit in 'n tyd van krisis en nood alleen gelaat sal word nie. Op talle plekke in die Bybel kry ons dié heerlike versekering.

Ons hemelse Vader, wat weet of voor- en teëspoed die beste vir ons sal wees, het gesê:

> *"Moenie bang wees nie, Ek is by jou: moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou."*
> **Jes. 41: 10**

LAAT EK DIT NOU DOEN

Dit was 'n tipiese Desemberdag in die stad met die Kersinkopiekoors amper net so hoog soos die temperatuur. Die reuk van die teer en warm mense het swaar oor die sypaadjie gehang waar staan-en-kykers die haastige kopers hier en daar opdam.

Eenkant het 'n swartman met 'n pakkie papiere gestaan, wat hy uitgedeel het aan elke hand wat wou vat. Maar iets aan die man het my aandag getrek. Hy het geamuseerd gelyk, of miskien was dit meer 'n soort deernis waarmee hy die mense bekyk het. Toe ek naby hom kom en hy bewus word van my aandag, sê hy: "Vat gerus Miesies, dis baie mooi." Tot my verbasing was dit dik glanspapier met vergulde sierletters daarop:

> *Ek gaan maar net eenmaal deur die lewe. Elke goeie daad wat ek kan verrig, elke vriendelike woord wat ek kan sê, laat ek dit nou doen, laat ek nie uitstel of versuim nie, want ek sal nooit weer hierlangs verbygaan nie.*

"Wie gee vir my so 'n mooi persent?" wou ek weet. "Dis 'n ander Meneer", het hy ontwykend geantwoord, "ek is bly die Miesies sê dis mooi. Baie ander mense wil nie vat nie, hulle dink seker ek gee vir hulle die gif!" Met die boodskap van waardering aan die onbekende gewer en dank aan die uitdeler is ek daar weg, en selde het iets my meer vreugde en stof tot nadenke gegee.

Dit moes die vreemde skenker 'n aardige bedraggie gekos het, maar wat 'n pragtige idee om so iets moois aan onbekendes uit te deel sonder aansien des persoons. Hoe perfek pas dit nie by die ware Kersgesindheid nie! Die woorde is so waar - elke dag is uniek, onherhaalbaar. Die geleenthede wat nie benut word nie, sal nooit weer op presies dieselfde manier kom nie. Dis soos water wat onder 'n brug deurgeloop het, vir altyd verby.

Ons dink selde só oor 'n nuwe dag. So dikwels sleep 'n mens half doelloos daardeur met so min moeite as moontlik. Dis boonop tog so 'n versoeking om uit te stel. Ek sal dit beslis doen ja, maar nie net vandag nie, miskien môre ...

So dikwels is daar môre nog minder tyd en as daar wel 'n kansie is, is die geleentheid net nie meer daar nie. Die siek vriendin wat ek wou besoek, is reeds huis toe; die klip wat ek uit jou pad wou rol, het jou reeds laat val; 'n verskoning kon gister die wond in ons vriendskap genees het, vandag is dit reeds 'n sweer.

In die nuwe jaar met sy drie honderd vyf en sestig dae, sal daar weer talle unieke geleenthede wees, maar dit sal net één maal kom en nooit weer nie.

EK HET 'n PRENTJIE

Ek is nie 'n optimis nie, want ek wonder baie keer of dit wat met my en my gesin gebeur, altyd die beste ding vir ons is. Ek loop soms vooruit, en loer eers om die hoek voordat ons by die stegie indraai. Ek is ook nie 'n pessimis nie, want ek kan nie glo dat my Heer net dorings op my pad stuur nie. Ek glo dat daar vir elke traan wat 'n klein kindjie stort, êrens 'n lagduiweltjie skuil wat wag om op sy skouertjie te wip, en die krullebolletjie te kielie totdat die huil in 'n skaterlag oorloop.

En ek loop my pad met hoop in my hart. Want ek het 'n prentjie in my kop van 'n glimlaggende God wat op 'n dag ons stukkende wêreld oor 'n ronde skulp gaan trek soos 'n ou sokkie, en al die gate met 'n goue draad gaan stop sodat al sy liefde, en sonskyn binne kan bly. Ek weet dat Hy elke dag oor die oosterkim tuur met hoop in sy hart want miskien, net miskien, hoor sy skepsels vandag sy stem, en draai ons af van die breë weg, en volg sy stem, en wuiwende hand tot anderkant die westergloor.

Hoop en geloof, is vir my baie eenders. Ses van die een, en 'n half dosyn van die ander. Want ek kan nie glo sonder om ook te hoop nie. En ek kan ook nie hoop sonder dat ek onwrikbaar glo nie. Dit is vir my asof God aan elke mens verskillende grade van hoop uitgedeel het. Genoeg om jou bootjie na 'n veilige hawe te stuur mits jy met oorgawe glo dat Hy vir jou genoeg roeiers gestuur het.

En hoop saai homself elke keer wanneer jy ervaar dat God leef en sy genade vir jou genoeg is. Want 'n hart vol hoop is vir ons Heer soos 'n ruiker goudgeel rose. En geloof, soos hul soet drywende geur, wat stuif tot aan die voet van sy troon.

EK KAN NIE ONTHOU NIE

Ek kan nie onthou hoe oud ek is nie.
Ek moet altyd eers sommetjies maak.
Ek kan ook nie onthou hoeveel kos 'n posseël nou nie.
Dit verander te vinnig.

As ek eenmaal weggetrek het van 'n plek af, wis my bewussyn al die mense wat daar woon, se name uit my geheue uit. Maar ek onthou hulle gesigte: hulle huise: hulle familieverwantskappe.

Veral onthou ek mense se atmosfeer: die gevoel wat hulle uitstraal: die indrukke wat hulle laat: die effek wat hulle het. So asof hulle 'n onsigbare seepbel om hulle dra waarvan 'n mens die broosheid en die reënboogkleure en die fyn geur onthou.

Ek kan nie onthou wat my kategeseklas-kinders se naampies is nie - maar ek onthou jarelank hulle gesiggies en hulle geloofsbelewenis.

Ek kan nie eens my eie kinders se name onthou nie. Ek roep maar altyd so in die ry af.

Maar ek kan baie goed onthou hoe elkeen van my kinders se babahandjies gelyk het - en gevoel het - en verskil het:

Dirkie s'n so klein vir 'n seuntjie, maar met so 'n vaste greep, en my eerste vreugdevolle ontdekking van hoe absoluut volmaak die Skepper elke vingertjie, elke lyntjie in die palmpie, elke perfekte miniatuur naeltjie gevorm het.

Hettie se handjies, soos seesterretjies, wat sy ure lank met uitgestrekte armpies vyftien sentimeters van haar verwonderde ogies af rondgedraai het.

Gerhard se handjies, so gou al groot en sterk en seker, maar met 'n kuiltjie by elke vingertjie tot hy meer as tien jaar oud was.

Elize se oopgesperde handjies met geboorte en daarna, soos magrietjies wat juig oor die son.

Bertie se ou handjies op twee-en-'n-half al handige seunshandjies met niks van baba oor nie - en tog, so teer met sy babasussie en met die honde en katte.

Christien se sagte babatjie-weergawes van ronde troetelklippies, waarmee sy ons almal se harte vasgevat het.

Ek onthou nooit ons eie troudatum nie - en aangesien ek darem gewoonlik die een is wat hom herinner aan verjaarsdae, onthou my geliefde ook nie. Maar ons onthou hoe verskriklik onwerklik ons troudag vir ons albei gevoel het - tot ons mekaar in die kerkpaadjie tegemoet gekom het en geweet het: Dis Reg!

Ek kan nie meer die detail onthou van die kerkbouery in Zesfontein gemeente nie. Maar ek onthou die wonderlikste oomblik, by die inwyding. Die menslike konstruksie van steen en hout, beton en glas, waar ons gister nog op die vloer gesit en tee drink het terwyl daar aan die kansel en die kroonlig gewerk word, was skielik nie meer net nog 'n gebou nie. Die hele atmosfeer is verander en het gegroei tot elkeen kan aanvoel - nou is dit die huis van die Here.

Ek kan soms nie onthou om elke dag opnuut na die lig te draai en die skaduwees en die duisternis agter my te laat nie.

Ek kan nie onthou hoeveel keer ek al moes bieg nie en moes vra: *"Heer, vergewe!"*

Maar ek onthou: God sal my nooit vergeet nie.

"Om aan die eenvoudiges skranderheid te gee, aan die jongeling kennis en oorleg." Dis die reuse taak van die onderwyser.

Soos klei in die hande van die pottebakker lê ons kinders en wag. Hulle wag op gestalte en vorm, op die skepping van jul woorde, die ronding van jul krag.

Aan julle is die taak opgedra om te lei. Aan julle hande klim hul stadig van sport tot sport, steeds hoër om eendag, wanneer hulle bo is, terug te kan kyk en te sien waar hul hulp vandaan gekom het.

"Kennis is mag". Dit is julle verantwoordelikheid om toe te sien dat hierdie leuse trou bewaar word. Julle beskik oor die krag om ons kinders dié kennis te leer, sodat hulle dié mag kan hê.

Julle bou vandag aan die hoekstene van môre. Julle moet ons kinders toerus, hul vorm, hul giet vir die wêreld van werklikheid. Julle bouwerk moet stewig wees, soos die huis op die rots; die fondamente diep gegrawe om winde van storm en teëspoed te weerstaan.

Die beitel in die marmer, die mes in die hout, bring 'n pragstuk uit pyn gebore na vore. Jul tug moet suiwer wees, want pyn bring suiwering, sodat ons kinders uiteindelik suiwer kan bly. Jul tug moet verstandig wees, want tug maak verstandig ... en geregtigheid reg.

Gietvorms van ons jeug, hul ore luister wyd geopen na jul wysheid, hul harte neig na jul kennis van jare. Hul roep na julle insig en soek die stem van jul verstand soos na 'n verlore skaap.

Uit julle monde kom wysheid en verstand, julle gee kennis.

Gelukkig is hulle, die jeug van vandag, die leiers van môre, omdat hul 'n bron van wysheid gevind het: iemand wat verstand wil deel. Gelukkig, ja, omdat die verkryging van wysheid, die verwerwing van kennis, 'n lewensboom is vir die wat na die takke gryp en daaraan vashou.

Die beginsel van wysheid is immers om kennis en insig te verwerf. Die kroon van wysheid, o gietvorms, giet jul in goud, belaai dit met juwele en plaas dit op ons kinders se hoofde - 'n kosbare kleinood wat bewaar moet word op rooi fluweel.

"En as jul oud is, oud en sterf,
Sal hoop wat jul gesaai het
swerf en groei in die gedagtegrond,
tot mirtes van die môrestond."

EK IS 'n REGUIT MENS ...

So dikwels gebeur dit dat iemand daarop roem dat hy 'n "reguit mens" is. Sonder omhaal van woorde en sonder enige huiwering kan so 'n persoon ten enige tyd sy misnoë te kenne gee.

Wat ek egter graag sou wou weet is "wat is werklik 'n reguit mens?" Is dit werklik iemand wat sonder enige bybedoelings of skynheiligheid vir jou kan sê hoe hy oor 'n sekere saak voel? Dit klink vir my logies, mits die spesifieke persoon ook daaraan sal dink om takt te gebruik om nie sy sienswyse op 'n bombastiese manier op ander mense af te dwing nie, en bowenal - om nie sonder enige liefde en deernis so 'n uitspraak te lewer dat dit ander mense sielsongelukkig maak nie.

'n Mens ondervind dit egter te dikwels dat so 'n persoon sê net wat hy wil - ongeag die ander persone en hulle gevoelens - so sonder enige genade. So was ek onlangs deel van die geselskap waar iemand hard en absurd die stelling gemaak het dat 'n kind wat druip 'n absolute luiaard is - sonder enige begrip of deernis vir die van ons wie se kinders werklik nie so begaafd soos hare is nie. En ek kon die doodse weerloosheid en teruggetrokkenheid by iemand sien wie se kind die vorige jaar wel gedruip het - omdat hy werklik nie die vermoë het om te kan slaag nie.

Tragies ook dat niemand ooit die moed het om so 'n persoon te weerspreek nie al dink jy sy is 'n regte ou draakeier.

So 'n "reguit persoon" dink en besef ook nooit watter oneindige skade sy haar medemens aandoen nie. Met een ongemotiveerde uitspraak kan jy jou medemens laat twyfel aan sy eie eenmalige menswees - sy eie eenmalige identiteit - sy alles - en ontneem jy hom sy selfvertroue wat elkeen van ons tog so bitter nodig het om deur hierdie steeds eisende lewe te gaan.

Is dit nie dalk beter om 'n eerlike mens te wees nie? 'n Saak sal dan objektief deur jou beskou word, suiwer sal jou uitspraak wees, en jy sal dit nie onsinnig, en ongemotiveerd lewer nie. Liefde, insig en deernis vir jou naaste, sal altyd in jou eerlikheid geleë wees.

'n Mens kan dalk ook te eerlik wees soos die student wat "ja" geantwoord het toe die professor hom gevra het of hy gelukkig is aan die universiteit. "Wat was jy voor jy student geword het?" vra die professor daarop. "Baie gelukkiger, professor".

SUKKEL JY?

"Probeer die handrem" sê my seun. "Hoekom moet ek so met Ma'tjie sukkel?"

Nee, hy is nie besig om Ma te leer motor bestuur nie. Ma bestuur al vandat hy 'n baba was. Hy sukkel net met sy ma en haar vergeetagtigheid.

"Stop sukkeling with me" is een van die lekkerste Afrikaansismes op plaaslike Engels. Want, ai, 'n mens kan darem lekker sukkel.

Eers sukkel jy om te leer loop
- en dan sukkel jy om te leer stilsit.

Jy sukkel om te leer praat
- en dan sukkel jy om te leer stilbly.

Ons sukkel om 'n baba te kry
- en ons sukkel om ons kinders groot te kry
- en ons sukkel om die leë huis gewoond te raak as hulle weg is.

Ons sukkel om werk te kry.
- en dan sukkel ons om af te kry.

Gemeentes beroep oor en oor om 'n predikant te kry
- of jong predikante wag en wag om 'n beroep te kry
- en dan sukkel hulle om aan mekaar gewoond te raak.

Ons skarrel om alles wat moet saamry ingepak te kry
- en ons praat allerhande tale om die padkaart weer opgevou te kry
- en ons sukkel om 'n boom sonder miere en reuke en duwweltjies vir langs-die-pad-eet te kry.

En party van hierdie sukkels word van 'n mens se lekkerste en kosbaarste herinneringe.

Maar party mense sukkel darem meer as ander - tot dit naderhand vir hulle so 'n gewoonte is om te sukkel dat niks op die ou end meer lekker is nie.

- nie 'n partytjie nie - want iemand moet agterna sukkel om op te ruim ...

- nie 'n vakansie nie - want dis so 'n gesukkel sonder 'n wasmasjien ...

- nie kerk toe gaan nie - want dan moet ons so sukkel om twaalfuur die kos op die tafel te kry ...

- nie gemeentefunksies nie - want dis al die soort aansprake op 'n mens se kosbare tyd wat maak dat 'n mens sukkel met skuldgevoelens omdat jy sukkel om te sê: Nee!

- nie huisgodsdiens of stiltetyd nie - want ons sukkel so om 'n ou tydjie daarvoor ingeruim te kry ...

Goddank, ons hoef nie self te sukkel om in die hemel te kom nie. Daarvoor het Christus, alleen en eensaam aan die Kruis, klaar swaar gekry.

'n MENS IS 'n WONDERLIKE DING

Ek wonder dikwels oor mense... 'n Mens is so 'n wonderlike teenstrydige ding.

'n Ou mens is 'n wonderlike ding. Soveel jare se ondervinding van lief en leed; van vreugdes en frustrasies; van te veel en te swakker word - steeds groei. Die uiterlike dinge soos skoonheid, sukses, belangrikheid en deftigheid word vervang met die innerlike grootshede van warmte, begrip, wysheid, liefde... geen wonder darem dat hulle partymaal 'n bietjie rus en vrede soek, weg van die gedruis!

'n Man is 'n wonderlike ding. Hy moet die baas wees én vertroetel word; die besluite neem én nie met beuselagtighede vertoorn word nie; die broodwinner wees en die spyker-inkapper; die aggressiewe beskermer van huis en haard én die een wat darem behoort te weet hoe sy vrou voel... geen wonder hy voel soms hy word opgebruik nie!

'n Vrou is 'n wonderlike ding. Kyk net hoe sy tegelykertyd 'n ete beplan; vir Kleinsus help om 'n gediggie te leer; Ouboet se hare te sny; 'n inkopielys dikteer; die honde dissiplineer; onthou van iemand wat verjaar; Kleinboet se eina wegsoen; Ousus se toekoms met haar bespreek en boonop vir Pa laat voel hy is die belangrikste man op aarde... geen wonder darem dat sy partymaal dinge vergeet nie!

'n Kind is 'n wonderlike ding. Hy hoor elke vloekwoord raak en elke vae belofte - maar as dit kom by opdragte en popmusiek het hy 'n kommerwekkende gehoorverlies. Hy kan dag en datum in volle besonderhede onthou van 'n krieketwedstryd, met tellings en boulsyfers en beurtontledings kompleet, maar hy kan glad nie sy tafels onthou of wat hy moes doen vir huiswerk nie. Hy kan diere in die wildtuin en meisies in die straat op ongelooflike afstande raaksien - maar hy kan nie in sy eie kamer sy eie skoolkouse sien nie. Hy kan goed van die grond af optel en met vuil handjies in sy mond steek - maar hy kan nie 'n koeldrank deel met dieselfde strooitjie as sy sussie nie... geen wonder dat elke ouer op 'n stadium in elke kind se lewe wonder: Hoe gaan ons hom óóit opgevoed kry?

'n Baba is 'n wonderlike ding. Gaan dit rustig in die huis, slaap hy en eet hy en lag hy op bevel, maar wag net tot Ma ongeduldig of haastig of ongelukkig of gespanne is. Dan dra sy gehuil net by tot haar probleme. Hy kan handjies klap en woordjies praat en wonderlik oulik wees - maar wag net tot Ma dit vir iemand wil wys. Dan is hy heeltemal dom en vreeslik skaam... geen wonder 'n mens wens hulle groot én huil oor elke jaar wat hulle ouer word nie.

Ja, 'n mens is 'n wonderlike ding. En die wonderlikste van 'n mens is dat God ons so liefhet, so wonderlik onverdiend.

EK SAL SELF!

Watter mens ken nie hierdie doelgerigte, definitiewe, besliste onafhanklikheid nie:

EK SAL SELF!

Ek sal SELF eet! (Waarskynlik met 'n hondjie wat hoopvol met 'n oop bekkie onder die hoë stoel staan).

Ek sal SELF aantrek! (En as dit 'n trui en langbroek en skoene is in die hoogsomer sal ek dit moontlik balanseer deur in die hartjie van die winter kaalvoet en met my dunste kleertjies te loop).

Ek sal SELF loop! (En self val en self weer opstaan! Want eendag as ek die laaste paar treë na die ewigheid moet tree is daar geen mens wat dit vir my kan doen nie).

Ek sal SELF besluit of ek huiswerk gaan doen soos 'n "pliggie" en of ek my straf by die skool sal vat soos 'n man... (En of ek SELF die eer en glorie van goeie punte wil verdien. Of self die juffrou en die druk wat op my geplaas is en my oorerflike gebrek aan wiskunde-insig wil blameer vir 'n swak rapport...).

Ek sal SELF kies wie my vriende is en hoe laat ek saans uitbly (En eers as ek self 'n ouer is en die magteloosheid ervaar daarvan om 'n kind tegelyk te wil vertrou en beskerm...).

Ek sal SELF besluit of ek Sondag lus het om kerk toe te gaan of nie.

Ek sal SELF werk vir MY geld, en SELF besluit wat maak ek met MY lewe.

En op die laaste dag sal ek SELF verantwoording moet doen van wat ek gedoen het, en van wat ek NIE gedoen het nie.

Goddank dat ek nie SELF hoef te betaal vir die foute en die vergeet en die woedes en die twiste en die nalatigheid en die baie, baie dinge wat ek skuldig gebly het nie.

JESUS CHRISTUS het SELF betaal, ook vir my.

ALLES WAT EK BESIT

Luk. 4:33. *"So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, MY dissipel wees nie."*

Besittings verteenwoordig sekuriteit op aarde - of is dit 'n veralgemening? Tog, ja.

Ons wil grond besit; vaste eiendom; 'n eie huis. Ons wil geld besit; beleggings; bates. Dit sal ons veilig laat voel vir 'n onseker toekoms.
Maar waar lê ons toekoms regtig?

Ons maak bymekaar - geld en goed.
Ons is bang om daarvan ontslae te raak - want wie weet wanneer gaan ons dit regtig nodig kry? En dan sterf ons en het nooit weer die geringste daarvan nodig nie.

- Nie die mooi dinge waarmee ons ons omring het nie.

- Nie die veiligheid van vaste bates nie.

- Nie die ondersteuning van vriende, familie en "kontakte" nie.

As ek sterf, laat ek dit alles agter.
Ek is nie bang om te sterf nie.
Ek hoop - ek glo- ek WEET: in die hemelse koninkryk is onvergelyklike skoonheid; veilige geborgenheid by die Vader; gemeenskap met God.

Sonder mot en roes; sonder diewe; sonder misverstande en ontevredenheid; sonder siekte en ongeluk; sonder kommer en trane...

Waarom klou ek dan nog so verbete vas aan wat ek self (en wat ek voel my gesin kan en behoort te) bereik in die vorm van aardse besittings, skoonheid, sukses, geluk?

Meer nog - waarom hou ek so vas aan wat ek het ten opsigte van kommer, vrees, hartseer, spanning en pessimisme?

Al my bekommernisse en vrese is ook aards, tydelik, gebonde tot hoogstens nog vyftig jaar - hopelik minder.
Waarom is hulle dan so belangrik vir my?

Ek het mos nou al gesien: 'n mens kan funksioneer sonder baie van die besittings en sekuriteite wat jy vroeër as noodsaaklik geag het...

Maar waarom dan het ek my gedagtes gevul met kommer en vrees en opstandigheid oor dinge wat ook maar tydsgebonde is?

> **Matt. 6:19-34.** *"Daarom moet julle julle nie kwel nie... waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees... maak vir julle skatte bymekaar in die hemel... Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word... julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.*

Vader, vergeef my die sonde van 'n lewe gevul met aardse dinge.
Wys my hoe om skatte in die hemel bymekaar te maak. Lei my om u koninkryk met my hele hart te soek. Help my om my hart te stroop van alles wat onwaardig is.

Laat u koninkryk kom.



HOE OUD IS OUD?

Ek het al baie gewonder, wanneer is 'n mens nou oud? Is dit wanneer jy moet aftree? Of wanneer jy nie meer so beweeglik is nie? Of wanneer jy nie meer so goed onthou nie? Of wanneer jy nie meer so lyk soos toe jy jonk was nie? Of nie meer voel soos toe jy jonk was nie? Is dit 'n proses wat meer in die liggaam as die gees konsentreer? Of albei?

Ek dink dit is wanneer jy niks meer het om na uit te sien nie; wanneer jy geen drome meer het om te verwesenlik nie, dan is jy oud. Dit mag reeds op twintigjarige leeftyd wees of tagtig - dit verskil van mens tot mens.

Behalwe vir baie ander fasette van die mens se lewe, is drome droom 'n belangrike een. 'n Sinoniem daarvoor is om ideale te hê, om uit te sien na iets.

Die kleuter se ideaal is om na die groot skool toe te gaan en hoe ouer hy word, hoe hoër stel hy sy visier; hoërskool, universiteit of kollege, beroep beoefen. Hy wil later nie meer net met sy eie geslag speel nie.

Dan volg die jeugliefde, die groot liefde, die huwelik.
'n Gesinnetjie en baie later kleinkinders! Elke fase word 'n voorspel tot die volgende ideaal wat verwesenlik moet word, 'n droom wat bewaarheid moet word.

Ek droom van nóg kleinkinders, van 'n besoek aan Egipte en Hongarye, Eilat en Venesië. Ek droom van 'n heerlike aftrede saam met my ou man. Daar is só baie wat ons nog wil doen soos orgideë kweek, drie maande lank in die karavaanpark op die rotse by Stormsriviermond staan, die Otterwandelpad loop, op die Malawimeer seil, die son sien ondergaan op Mauritius, en... en... en! Ons oudag gaan te kort wees vir alles wat ons nog wil doen, drome wat nog bewaarheid moet word, ideale wat verwesenlik moet word.

Ek sien met entoesiasme uit na my oudag! Al my ander ideale is verwesenlik, (soms wel in 'n ander gedaante), dus hoekom nie hierdie nie? En as party daarvan my nie beskore is nie? Dan het ek tog die opwinding van die droom gehad! Oud is wanneer jy niks het om na uit te sien nie, of oor te droom nie...

GISTER, VANDAG EN MÔRE

Dit is stil, die dag se stilste stil. In die weste oranje die laaste strale die verre kim. Een vir een word die dagkleure uitgevee tot net 'n laaste lou-blou oorbly. 'n Laaste lig wat met 'n slakkegang sterf. Liefde sku, sku nader om later selfvoldaan te knipoog, te lag.

Voor my lê 'n enkel drie-blaar blommetjie: "Yesterday, Today and Tomorrow", - my gister, vandag en môre. Langs die blommetjie flikker my kersie flou, huiwer die tongetjie in die was en gooi lang skadu's teen die muur wat vertel van gister se soek, vandag se spoor en môre se vind.

Gister se soek... Ek tas deur mis en soek en soek, doelloos, bestemmingloos tussen en teen blinknat strate. Neonligte spot my, lag vir my. Hulle lok my seer, genadeloos uit tot uiting. Hulle slinger my teen wolkekrabbers van hoekoms vas, boor water uit my oë. Hul lei my na 'n kronkelpad wat lei na 'n verre weg... na vandag.

Vandag se spoor... sien ek eers nie raak nie. Hy, klein, bang, verskrik tussen die groen blaarbeskutting, en tog lok die blink in sy oë uitdagend. Die enkele drieblaarblommetjie lag met gister se pers, vandag se pienk... en môre se wit. In my gedagtes sien ek die vloei van donker na ligter na lig - gister na vandag na môre en met môre die vind.

Hoe beny ek jou nie ou blommetjie. Ek beny jou jou wonder, jou stille krag om so, sonder seer, jou wit te bereik. Gister was jy pers, vandag pienk, môre rein in die witste wit... terwyl jou wondersoete geur my byna oorweldig.

Ek sal ook my wit bereik. Al is my vloei na donker na lig na môre se wit seer, moeilik en moeisaam. Al hang daar nie 'n heerlike geur om my nie... sal ek tog môre my wit vind in die reinheid van my Verlosser aan die einde van my soek... en eindelik my vind.

VERAL 'n HORLOSIE

Ons ry en ons werk, ons bekommer en ons streef en ons kla!
Elke dag so besig, so aktueel, so doelmatig en o, so belangrik.

Van funksies tot vergaderings, van byeenkomste tot sosiale geleenthede yl ons voort, so besig, besig. Alles is professioneel, sielkundig aanvaarbaar en goed vir ons.

Of is dit? Is hierdie lewe wat ons lei werklik goed vir ons, of is dit 'n sinlose gejaag na wind?

Is ons nie veronderstel om anders te wees, en anders te leef nie?

Is ons nie meer aan onsself verskuldig as maagsere, stres en depressie nie?

Die mens is na God se beeld geskape, geplaas as heerser van die skepping. Na my beskeie mening, bedoel om vrugbaar en diensbaar en sinvol te leef. Miskien is dit wat die hedendaagse mens probeer doen. Maar is ons prioriteite nie verkeerd nie, die balans so effe versteur en ons insigte nie effens skeef nie?

Van die wieg tot aan die graf lewe ons, dag vir dag, soos dit een vir een vir ons gegee word. - Elke dag met al die ure daarin om te leef en te beleef. Maar wat doen ons?

Kinders word ontwikkel, gestimuleer en geremedieer tot volmaakte, doelmatige superwesentjies wat alles kan doen behalwe speel. Dis nou regtig speel - nie met 'n televisiestel of 'n rekenaar nie.

Hoeveel kinders kan vandag stilsit en vir die voëls kyk?
Hoeveel kinders kan vir 'n uur in die kerk sit?
Hoeveel kinders kan nog regtig dink?

Vandag se kind is so besig om te ontwikkel, dat hy nie weet Jesus het gesê:

"Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie."

Die groot mense jaag voort, pas meer dinge in 'n dag in as wat daar ure is. Dis 'n beroep, studies, 'n sosiale lewe en natuurlik sport - ons lewe mos gesond! Van semelbrokkies vir ontbyt tot die gimnasium in die etensuur. En as jy nie oppas nie, pas daar drie in 'n huwelik in! Ja, ons kan alles inpas in ons daaglikse skedule, alles behalwe ons kinders, en hulle storietjies as hulle van die skool af kom.

En as ons oud geword het, pas ons nêrens meer in hierdie besige lewe in nie. Dan gaan bly ons in 'n aftree-oord of 'n ouetehuis en ons bly uit die besige mense se pad, en uit hulle lewens uit. Miskien sal hulle darem bel as ons verjaar, of anders stuur hulle 'n jammer-dis-laat-kaartjie. En die ou mense pruttel en kla hulle dae om, of hulle sit en staar want hulle was altyd so besig, hulle het verleer om te lewe. Hoe nou gemaak met so baie vrye tyd?

Mag ons kinders nie méér beleef nie? Soos om vir die berge te sit en kyk, of om in die modder te speel of om aan pa se knie na stories te luister? Is groot mense nie geregtig op vakansies en sonsondergange en vieruur koffie nie?

Mag hulle nie meer gedigte skryf en saam sing en saamwees nie? Waarom vier skuldgevoelens hoogty as menswees 'n bietjie aandag kry?

Die ou mense, wat nie meer oud genoem wil wees nie, is nie meer 'n bron van stories en kinderbederf nie. Die sagte ouma wat alles verstaan is tog nodig vir elke kleinkind - wat moet hy maak met 'n gegordelde dame met pienk hare en 'n horlosie - veral met 'n horlosie?!

OUMAS

Het u ook al gewonder oor die verdraagsaamheid teenoor oumas? Hulle mag na hartelus spog en "spook" soos my Ierse tante op 'n keer gesê het. Daar is selfs vir haar 'n Spogboek op die mark. 'n Ma mag dit egter glad nie doen nie, dan word sy as verwaand, grootpraterig of aanstellerig bestempel en haar woorde word glad nie met empatie aanvaar nie.

Oumas mag en moet spog, omdat hulle weet dat hierdie kleinkind van hulle 'n wondergawe uit die hemel is. Dis 'n geskenk wat hulle onverdiend ontvang het, en waarvoor hulle geensins gewerk het nie.

Alle ander oumas wat na hulle lofliedere luister weet: Hier is 'n wonderwerk aan die gebeur. Hier verneem ons van 'n normale gewone (is daar so iets?) babatjie, kleuter of tiener, waarna daar met oë van liefde gekyk word. Dan word eienskappe en talente en buitengewone vermoëns raakgesien wat deur niemand anders waargeneem of waardeer kan word nie.

Net so kyk God na ons met sy liefde. Hy sien nie ons sondige natuur raak nie, maar ons potensiaal en vermoë om Gees-vervuld en Gees-beheerd te lewe, wanneer sy Gees in ons woon en as ons Raadgewer optree en ons Leidsman is.

HANDE

Terwyl ek vanoggend so staan en handeroom invryf kom dit by my op hoe 'n belangrike rol hande in my lewe gespeel het, en nog steeds speel.

As baba was my moeder se liefdevolle hande altyd daar.

Hande wat my liefdevol aan haar bors gesit het, my gebad, aangetrek, ja totaal versorg het. Later was haar hande altyd daar om te keer vir seerkry, en as hul nie betyds was nie, het haar sagte hande die trane met groot sorg afgevee.

Hoe goed onthou ek ook nie die slae wat die hande uitgedeel het nie, maar daarmee saam ook die troos wat hul gebring het.

Hande wat altyd oop was om te gee: vir haar man, haar kinders, haar medemens en veral vir haar kerk.

My pa se hande was altyd vir my wonderlik.

Groot, manlike hande, maar tog verbasend sag.

Pa se hande het my as kind daagliks op die kraalmuur getel, het vir my die bekertjie warm melk aangegee, en met my hand in syne het ons skemerdonker teruggestap huis toe.

Hierdie twee hande het dikwels met Job se geduld die turksvydorings uit my hande gehaal - en dit nadat dieselfde hande my talle kere die regte manier van turksvye skoonmaak geleer het.

Ek onthou veral Pappa se hande as hul rustig saamgevou is in gebed tydens Boekevat en hy met sy rustige stem sy kinders aan die Vader toevertrou.

Pa se hande het ook my hande geleer op die spierwit klawers van die klavier en dit was hierdie selfde hande wat baie jare later my trourok gehekel het en my hand was stewig in syne geklem toe hy sy enigste dogter voor die kansel afgegee het.

Daar is die hande van my geliefde.

Hande waaraan ek vashou en saam met hom deur die lewe stap, gebind deur 'n band van liefde. Ook groot hande, netjies versorgde naels - maar so van die gholfeelte dat hy sommer maklik 'n fyn sykous kan leer.

Hande wat Sondag vir Sondag die gemeente groet, en aan die einde huistoe stuur met die Heer se seën.

En my kinders se handjies.

Klein en volmaak. (Steeds volmaak al is meisiekind se vinger in die deur afgeslaan).

Handjies wat kan kwaaddoen, en dan weer styf om Mamma se nek klem in 'n spontane uiting van liefde.

Handjies wat voortdurend vuil merkies los teen die badkamerteëls en Sondae skelm in Mamma s'n skuif.

My eie hande is so doodgewoon, maar tog dank ek die Heer vir my hande.

Vir die voorreg wat ek het om hulle te kan gebruik in my huishouding, in die versorging van my kinders, in die aanraak van my geliefde se stekelrige wang. Vir die voorreg wat ek het om hierdie hande te kan gebruik om te kan werk in die kerk; om te werk tot uitbreiding van sy kerk en sy Naam.
Maar bo alles dank ek die Here dat ek saans, hande saamvou in gebed, hul kan uitsteek tot U vadertroon in die wonderlike wete dat daar 'n hemelse Vader is wat sy hande na my uitgestrek hou, wat my lei, behoed en bewaar.

"Neem my hande, maak hul sterk
diensbaar in U goeie werk ..."

Vrouwees beteken vir verskillende vroue verskillende dinge. Die Woord sê vanuit Spreuke 31:10 dat dit vir 'n vrou geoorloof is om self geld te verdien, diens te lewer, sy mag spin, haar man vertrou haar, sy doen barmhartigheid, sy doen naaldwerk, sy mag grond koop en wingerd plant. Die kern van haar volwaardigheid as vrou lê egter in vers 30 "...as 'n vrou die Here dien, dan verdien sy om geprys te word."

Die tyd waarin ons lewe eis meer as ooit van die vrou. As haar krag en wysheid nie gegrond word in die Woord nie, is sy 'n rigtinglose, dobberende wese. Die moderne moeder moet weet van dwelms en vrye seks. sy moet met skoolwerk help waarvan sy geen eerstehandse kennis dra nie. sy moet rekenaartaal ken. sy moet politieke antwoorde ken sonder dat sy self weet wat voorlê. As vrou en eggenoot moet sy byderwets wees sonder om ydel te wees. sy moet haar huishouding met al minder hulp en al groter eise paraat waarneem. Sy moet die rustige, waarderende luister-engel vir haar man wees waneer hy gefrustreerd tuiskom sonder dat sy 'n woord rep oor haar eie deurmekaar agterstevoor dag. Sy moet deur die inflasie finansieel kop bo water hou.

In die gemeenskap en kerk moet sy diensbaar wees. As Afrikaner word verwag dat sy kultureel onderlê en aan haar eie gebonde moet wees. Sy moet vormend en inspirerend haar kinders voorgaan om sodoende vir hulle bestaanssekuriteit te verseker.

Hierdie enorme taak kan sy in eie krag nooit met sukses behartig nie. Die vrou van die dag sal haar voortdurend en opreg tot God moet wend. Sy moet sorg dat sy en haar huis die Here dien.

DANKBAARHEID

Die besielende woorde van Ps. 103:2 is 'n banier waaronder ons elke onbekende dag kan tegemoet gaan: "Ek wil die Here loof, en nie een van sy weldade vergeet nie."

Dankbaarheid is wonderlike medisyne. Wanneer u teneergedruk en eensaam voel: wanneer u wonder of die lewe nog sin en betekenis het, kyk net rondom u en soek na iets waarvoor u God kan dank.

As u sê dat daar niks is nie dan het u vergeet dat u kind van God is en dat Hy u liefhet! Verseker uself opnuut van hierdie onoortreflike waarheid: sê dit met oortuiging vir uself: God het my lief: ek is sy kind! Dank Hom vir sy liefde en u sal verbaas wees wat dit aan u gees doen.

Hierdeur sal u u eie uitsig op die lewe verbeter en sal u vir ander rondom u tot seën wees. Hier het u die sekerste genesing vir bekommernis en selfbeheersing.

Heilige en liefdevolle Vader, maak my hart so vol van lof dankbaarheid dat daar geen plek sal wees vir terneergedruktheid of selfbejammering nie.

LOJALITEIT

Lojaliteit is soos goeie maniere, dit word van kleinsaf by jou ingeskerp. Dit is deel van jou belewing van die wêreld. Ons is veral baie gesteld op lojaliteit teenoor die landsvlag, die volkslied en ons vaderland. Daaraan moet niemand raak nie of 'n boer se bloed kook! Gelukkig is ons ook geleer om lojaal te wees teenoor ons skool en ons kerk want dit vorm 'n belangrike aspek van ons volwassewording.

Hoekom is ons dan so traag om lojaal te wees teenoor ons naaste, ons vriende en familie? My ma het altyd gesê: As jy nie iets goeds van iemand kan sê nie, bly dan liewer stil. Moenie meedoen om hom te beswadder nie.

Wanneer iemand vertel dat "hulle" dit of dat van 'n ander gesê het, praat ons moontlik lustig saam en ons vriendskap se lojaliteit ly skade. Ware vriende bespreek tog nie mekaar met ander nie. As 'n mens wel iets van een vriend teenoor 'n ander wil sê, hoekom is dit dan nie liewer mooi en positief nie?

Baie kwaai vriendskappe en onenigheid onder mense kan vermy word deur lojaal te wees, die een teenoor die ander - net soos vriendelikheid, kos dit niks!

Lojaliteit in die huwelik is vanselfsprekend. Dit is ongehoord dat 'n vrou haar man, sy gewoontes of sy gebreke met 'n vriendin sal bespreek. 'n Mens trou met mekaar ten spyte van die foute en gebreke, want die liefde vir mekaar is groter as dit. Baie probleme kan verklein en selfs verdwyn deur lojaliteit aan mekaar te bewys. Want deur lojaal teenoor mekaar te wees, staan 'n mens alreeds saam en gedeelde probleme word kleiner.

TRAPPE VAN GELUK

Die eerste geluk is as 'n mens agterkom jy hoef maar net jou keelgaatjie oop te maak en jou stemmetjie te verhef, en jou bron van veiligheid en voedsel en warm droë boudjies en drukkies en liefde kom voorsien in al jou behoeftes.

Die tweede geluk is as 'n mens agterkom jy is nie vasgebind aan jou ma nie - jy kan self dinge doen en regkry - al wil hulle nog nie hê jy moet die motor bestuur op drie jaar oud nie.

Die derde geluk is as 'n mens agterkom die oulike merkies en krulletjies op papier is nie maar grootmens prentjies nie - dit beteken sowaar iets. En as jy dan agterkom hoeveel boeke daar in die wêreld is.

Die vierde geluk is as 'n mens genoeg maatjies het sodat jy nie met die... jig!... teenoorgestelde geslag hoef te speel nie.

Die vyfde geluk is as 'n mens agterkom hoe baie besonder oulik die Skepper die teenoorgestelde geslag gemaak het.

Die sesde geluk is as 'n mens jou eie spesiale skewe dekseltjie vind en dis 'n volmaakte pas.

Die sewende geluk is om die onbeskryflike wonder van 'n splinternuwe mensie in jou arms te mag hou - selfs al beteken dit koliek en vuil doeke en mangels en tandedraadjies en duur skoolfondse.

Die agtste geluk is om 'n splinternuwe kleinkind te mag ontvang - en iemand anders dra die verantwoordelikheid vir koliek en vuil doeke en mangels en tandedraadjies.

Die negende geluk is as 'n mens agterkom jy word nie oud nie. Jy voel nog net soos jy altyd gevoel het - al kyk daar 'n vreemde ou gryskop vir jou terug uit die spieël.

En die grootste geluk? Dis as 'n mens agterkom wat beteken die ou Bybelse woord: WEL-GELUK-SALIG. Geluk maal geluk maal geluk. Dis die driedubbele, volmaakte geluk wat 'n mens slegs kan ervaar in die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God ons Vader, en die troosvolle gemeenskap van God die Heilige Gees.

VREDE

Alle mense smag na vrede en party maak oorlog om vrede te verkry.
Vrede het egter vir verskillende mense verskillende betekenisse.

'n Besige moeder het vrede om haar as die kinders soggens weg is skooltoe.
'n Onderwyser ervaar vrede as die skoolklok in die middag lui.
'n Besigheidsman het vrede as hy sy kantoordeur toetrek.

Daar is ook die pessimis wat sê: Vrede, vrede sê almal, maar daar is geen vrede!

Elke mens soek sy vrede in sy eie omstandighede.

Een mens ontspan in die natuur en vir hom kom daar egte vrede in sy gemoed. Vir 'n ander is die bergtop die einddoel - as hy bo is, voel hy die rustigheid in hom opwel.
'n Ander wil net rustig in sy woning wees - almal op soek na vrede of rus.

Al die ervarings van rus en vrede is egter momenteel en veranderlik. Binne 'n oogwink kan die mens se vrede wreed versteur word. Daar is dus waarlik geen vrede nie, behalwe...

Daar is een Bron van rus en vrede, wat hartlik uitnooi: Kom na My toe.

Dié vrede, dié rus is daar vir enigeen om te neem. Dit kos niks, dis gratis. Al wat die mens moet doen, is om te reageer op die uitnodiging.

Hoekom is ons so sku om dit te aanvaar? Voel ons dalk dit is net eenvoudig té goed om waar te wees - blywende vrede en ons hoef niks te doen om dit te bekom nie?!

Glo ons Hom nóú nog nie?...

KYK OP NA DIE BERGE

Om by die siekbed van 'n kind, vriend of familielid te staan
en hulle soms aan die dood te moet afgee, is altyd 'n traumatiese ervaring.
Lyding en dood ruk jou altyd aan die hart.

Terwyl ons op aarde deur sonde, dood, lyding, smart en pyn geteister word, is daar altyd die wete dat daar eendag 'n plek sal wees waar ons verlos sal wees van hierdie dinge.

Wanneer geliefdes ons vooruitgaan is die skeiding altyd swaar. Geen mens is van lyding, swaarkry en smart gespaar nie. Elkeen van ons het sy eie pyn, sy eie kruis, sy eie swaarkry waarmee hy worstel.

Dit maak die mens 'n unieke wese. Die vrug van die sonde is dat ons in pyn gebore is, dikwels in pyn moet lewe, hetsy fisies of emosioneel of geestelik, en dikwels in pyn moet sterwe. Maar dit vorm deel van God se raadsplan.

Elkeen van ons is met 'n onsigbare ketting aan God vasgemaak. Elke skakel van daardie ketting het 'n ander betekenis, maar tog gee Hy ons die vryheid van daardie ketting. Ons het grasie om die vryheid van die ketting te gebruik - maar tot by 'n punt. As die ketting styf trek moet ons rekenskap gee. Dan is God by magte om ons met geweld nader na Hom te ruk, deur watter metode ookal. Of HY kan ons vir ewig in die buitenste duister werp, ver van sy genade af.

Sien ons nog die blomme groei?
Hoor ons nog die wind huil?
Hoor ons nog die blare se geritsel?
Is ons nog bly oor ons eie hart se klop, oor God se groot genade, oor die lag van ons kind, oor die wydheid van die oseaan?

Laat ons opkyk na die berge en weet waar ons hulp en ons redding vandaan kom.

Miskien beleef u op die oomblik moeilike tye.
Miskien dra u swaar aan die een of ander beproewing, dalk voel dit asof u geloof te swak is om die toetse wat op u pad kom, te deurstaan, en is u totaal ontmoedig.

U dagtaak stel moontlik besondere hoë eise aan u. Dan kom die woorde van Deuteronomium 33:25 tot ons: "Jou stuitbalke is van yster en brons. Mag jy jou lewe lank rustig woon."

Telkens beloof die Here sy volle sterkte aan hulle wat gelowig op hom wag. Ps. 29:11 "Die Here gee krag aan sy volk." Wat ookal op die oomblik u ervaringe mag wees, u kan saam met die Psalm sê: "Toe ek U geroep het, het U my gebed verhoor, en my krag gegee." Ps. 138:3. En die onsterflike boodskap van Ps. 27:14 is weer opnuut ons bemoediging: "Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed!"

"Hemelse Vader, help my om kinderlik gelowig u belofte van sterkte te aanvaar. Help my om te glo dat wat die dag ookal mag gebeur of meebring, ek in u voorsienigheid die krag en genade sal ontvang om sterk te wees en dit te dra."

"Dankie hemelse Meester, dat die wonder van u liefde en vertroosting, die sekerheid van my kindskap, juis in die oomblikke van lewens-duister aan my geopenbaar word, sodat ek met eerlikheid kan sê: Ek sal juig in pyn en vrees, in my Heer oorwinnaar wees."

HIER IS EK - WAAR IS JY?

'n Groot geleerde het eenmaal gesê dat 'n baba se eerste skreeutjie by geboorte nie net sê, "hier is ek" nie. Dit vra ook: "Mamma, waar is jy?"

Vir nege maande is moeder en baba een en dié van ons wat hierdie wonderlike, onbegryplike ervaring al deurgemaak het, kan al ons gewaarwordinge nog goed onthou.

Party dae was ons in 'n sewende hemel van geluk. Die grootsheid van die wonder wou ons oorweldig. Ons het klein gevoel, onwaardig om deel te wees van dié wonderwerk. Tog wou ons saam met Maria uitroep: "My siel maak groot die Here!"

Ander dae was ons weer in die greep van vertwyfeling en kleingeloof by die besef van die groot verantwoordelikheid wat op ons wag.

Al ons drome, ons planne, ons vrese en vertwyfeling word 'n realiteit wanneer die groot oomblik aanbreek en die nuweling sê: "Hier is ek".

Met die knip van die naelstring word 'n nuwe band stewig vasgebind as die skreeu-stemmetjie impliseer: "Mamma, waar is jy?..." Vrou en baba word moeder en kind.

Dié hulpelose, weerlose mensie mag nóóit "Mamma" roep en sy is nie naby nie. Dit is 'n verantwoordelikheid wat ons op ons moet neem, 'n plig wat ons moet aanvaar en 'n las wat 'n vreugde word.

Die baba wat in jou arms neergelê word is joune - jou verantwoordelikheid én jou voorreg, jou bekommernis en jou vreugde, jou pyn én jou ekstase.

Die moeder moet die baba se huilroep beantwoord met: Hier is ek - jou Mamma. Ek wil altyd naby jou wees. Ek wil jou liefhê, vertroetel en versorg na die beste van my vermoë. Ek wil jou altyd die beste gee waartoe ek in staat is. Maar bo alles wil ek jou grootmaak in die vrese van sy Naam."

Mag Hy my help sodat ek elke keer kan antwoord: "Hier is ek - ek is jou Mamma."

MY LIEWE KIND

My liewe kind, jy gee my soveel vreugde. Dis vir my elke dag 'n heerlikheid om jou te sien grootword. Want jou entoesiasme en passie vir die lewe is so aansteeklik.

Jou "ge-ek-sal" en "ek-kan-self" en "los my" dryf my soms tot raserny as ek so haastig is. En tog het jy my daarmee ook geleer dat party goed maar kan wag tot later. Want hierdie grootword en selfstandig wees is gans te gou hier op my drumpel. Ek wil hierdie oomblikke vaslê vir tyd en ewigheid.

Jy verwoes my skoon vloere en matte met jou sandput-lyfie. Jy vergeet nuwe viltpenne oop in jou haas om iets anders gou te gaan doen. Jou boublokke gaan my nog 'n been laat breek. Jy praat so hard en so baie in die kerk.

Maar jy lag jou slap as jy seepbelle jaag wat ek vir jou blaas. En jy lees saam met my boeke en benoem elke ding met jou eie kostelike leksikon. Jy sit met jou koppie skeef op jou hurke ure lank na goggas en kyk.

En klim met jou warm lyfie op my skoot en sit jou arms om my nek en vertrou my met jou hele lewe.

O my kind, jy gee my soveel vreugde!



EK HOU VAN DIE REëN DAARBUITE

Saam met Leipoldt sing en jubel my hart:
"Ek sing van die reën wat daar val."

Die reën is vir my simbolies van die lewe: die storms, die hael, die reën wat wonderskone musiek uit die sinkdak tower.

Ek hou daarvan om in my bed na die reën te lê en luister. Dit voel of ek in 'n silwer wolk toegevou is. Ek wil saam met die reënfeetjies in die neersiffende reën oor die velde dans, die heuwels streel, die aandblom soen.

Reën bekoor my want dit doen dáárdie wonder aan my: maak my weer 'n klein dogtertjie. Ek druk my neus onbeskaamd teen die ruit. Met my voorvinger trek ek kontoertjies en patroontjies teen die ruit wat vaal-wasig geword het van my warm asem. Asof betowerd staar ek, onbewus van tyd en plek, na die druppels wat teen die ruit plof, vasklou en dan in koddige fatsoentjies afrol, en af, af, tot onder. Soms sien ek daarom die ondeunde glimlag van 'n kleuter; dan weer die traan van 'n grysaard se oog, en ek wonder. Ek wonder of in die lewe daar anderkant ook reëndruppels teen die ruit sal wees.

Ek hou van die reën daarbuite want dit vervul my opnuut met dankbaarheid. Hier is ek 'n nietige ou mensie, maar die Vader het vir my 'n plekkie gegee waar ek teen die neersiffende reën kan skuil. Die reën verseker my dat Hy vir my ook skuiling sal voorsien wanneer groter bedreiginge as 'n vlagie reën op my toesak.

Maar die reën sê ook meer: Net soos die reën daarbuite neersif om nuwe lewe uit die niet te bring, die aarde van die swaar en droogte te laat vergeet, so sal God se liefde in ryke strome op die gebroke harte neerdaal om alles vir hulle te heel en nuut te maak.

OUJAAR

Dit is Oujaar, Nuwejaar het sy hand uitgestrek en raak-raak aan vandag om dit op te raap en weg te slinger na gister, eergister na verlede jaar... soos verlede jaar en voor-verlede jaar...

Dit is 'n blink nuwejaar, en nat. Reëndruppels blink deur die donker wasems en dou op die aandblomme. 'n Skelm windjie vlaag reëndruppels teen die ruit en vee hulle weg, teen en weg...

Die aanhoudende drup-val van die druppels vorm 'n waaskombers wat alles buite om uitsluit en net stilte - 'n stil stil - binne sluimer.

Buite êrens in die nêrens meng klank en drank en vul leë oë en leë harte en leë Kersfeeskartonne.

Drie honderd vyf en sestig wonders word ingehoop en drie honderd vyf en sestig wetes word agtergelaat, vergeet en weggesluit om eendag, miskien, plek te kry vir die onthou-kissie.

Stap, stap, stap. Die Oujaar tik-tik aan om ná twaalf die nuwe jaar in te stap. Tik, tik, tik. Die aanhoudende tik tree nader, nader met elke tik en die eentonige arms smoor die Oujaar eentoning, reëlmatig, vaster, vaster, vas - om skielik te los, om maar net weer te begin om die Oujaar... vas, vaster...

Oujaar dwing 'n mens terug na drie honderd vyf en sestig gisters - elkeen in sy eie raampie, agter sy eie glas; soms is die glas blink gepoleer, soms is dit gekraak; gebars...

Berus dit dan by ons om te weet?

Gewis nee.

WEET sal Oujaar van sy wonder beroof. Nuwejaar sal maar net Oujaar se môre wees - leeg, maar net nog 'n môre.

Daarom vier ons Oujaar: Om terug te dink aan gister, om vorentoe te wonder oor môre, om vertrouend vorentoe te wonder oor môre se môre se oormôre...

Om dankie te sê vir gister se gister se eergister...

Ons kuier op die plaas toe Dirkie so amper drie jaar oud is. Dis 'n mooi somer, 'n geseënde reënjaar, en alles groei en bloei. Die knapsekêrel ook.

Om die waarheid te sê, die vuilgoed lyk of hulle wil oorneem. Die wit blommetjie is oral.

Vir die volgende twee weke kry Ma en Ouma bossie na bossie blommetjies, aangedra in 'n klein, meesal vuil, seunshandjie, met 'n drukkie en 'n soentjie daarby.

Knapsekêrelblommetjies is van toe af een van my geliefkooste blomsoorte.

Baie dinge is soos Knapsekêrelblommetjies - 'n verpesting en 'n onbeheerbare onkruid. Totdat 'n onskuldige nuwe insig die skoon helder wit van die ou blommetjie se skoonheid onder ons aandag bring.

'n Vrou se gewig kan so maklik vir haar 'n onkruid word, tot: "Mamma moet tog nou net nie op 'n dieet gaan en naderhand lyk soos Tannie Bettie ('n pragtige, fyn versorgde, maar dalk ietwat stywe vriendin) nie. Mamma is so lekker sag en warm..."

Of wat van daardie bruin vlekkies op Ouma se hande wat sy sorgvuldig met suurlemoensap probeer hokslaan het. Tot: "Weet Ouma, daar by ons is tannie Mara vir wie ek baie lief is. sy het net sulke hande soos Ouma. So met die skaduweetjies op soos onder 'n lekker koelteboom."

Die skrywer James Thurber het oor sy blindheid geskryf dat hy 'n heerlike voorsprong het bo ander mense - in die winter kan 'n mens braille in die bed lees met albei arms onder die komberse!

Na 'n nekoperasie sê nefie Johannes: "Ek kan al amper weer so stadigaan my nek draai - en wie wil nou vinnig vir 'n meisie kyk in alle geval!" Daarvoor kry hy 'n hele ruiker knapsekêrelblommetjies.

Ons gesin se hele wêreld het op 'n stadium al onder ons padgegee, met min of meer totale ontwrigting die gevolg - en die spierwit vreugde van ons veranderde omstandighede is die feit dat, na twintig jaar van ver wees, ek weer daagliks by my geliefde ouers kan wees.

Die beste onbeplande bonus van 'n handvol knapsekêrelblomme is boonop dat hulle nie kan saad skiet en 'n ander, erger verpesting veroorsaak nie.

Kom ons draai die onkruide in ons lewe om, en maak van hulle pragtige, liewe reinwit knapsekêrelblommetjies in plaas van lastige peste.

EK SKAAM MY DOOD

Daar is so baie dinge in die ou lewe waarvoor ek my skaam. Trouens waarvoor ek my al geskaam het, waarvoor ek my wil skaam, en waarvoor ek my nog gaan skaam.

Ek het al by meer as een geleentheid my morsdood geskaam om by die haarkapper uit te loop na 'n haarsny. Ek skaam my vir my kind wat kleintyd die wêreld aan die brand gevloek het. Ek skaam my vir my skewe tone en skurwe hakskene. Ek skaam my vir my kinders wat so verskriklik kan baklei. Ek skaam my dood dat ek nog nie my kinders se langbroeke van die vorige winter se some uitgehaal het nie.

· Boweal skaam ek my dat ek al hoog middeljarig is en nog steeds nie behoorlik reguit kan stik of 'n rok kan maak nie. Ek skaam my vir my skewe koeke wat ek by die straattafels gaan aflaai en vir my gebak wat net nooit so mooi of so lekker of so goed lyk soos ander s'n nie.

Gelukkig tog dat mens naderhand, saam met die grys hare, los velle en plooie, tot die besef kom dat jy jou regtig nie hoef te skaam nie. Aanvaarding kom met die jare. Dit is nie meer belangrik dat ek gaan sterf sonder dat ek leer swem het nie, of ooit 'n flatervrye koek gebak het, of 'n elektriese ketel kon regmaak nie. Veel belangriker is dat ek vrede met myself gemaak het, met my foute en tekortkominge. Dat ek weet ek kan spel en lees en skryf en die son op my arms voel. Dat God ook vir my gesterf het en dat ek Hom ewig dankbaar is vir die voorreg van die lewe.

Miskien moet ek my nou skaam omdat ek my nie meer skaam nie!

OUMA, EK IS LIEF VIR JOU TOT BY...

My vyfjarige kleindogter, Lize, is intens in alles wat sy ervaar.

As sy kwaad is, straal haar hele wese dit uit - blitsende ogies, stywe ruggie, parmantige wipstappie en totale ignorering van haar prooi.

As sy gelukkig is, loop sy nie - sy spring en sing, val jou om die nek en klou jou vas.

Haar foongesprekke word altyd afgesluit met die woorde: Ouma, ek is lief vir jou. En as sy ekstra betekenis daaraan wil gee, voeg sy by: ...lief vir jou tot by die wolke!

Ek kan aan die volume en toonhoogte van haar stemmetjie vasstel wat haar gemoedstemming is - kwaad, vrolik of siek van verlange.

Ek is oortuig daarvan dat 'n ouma 'n ekstra sintuig het wat net op kleinkinders fokus. Sou so 'n kleinkind 'n dogtertjie wees, is die werkverrigting van die sintuig nog meer doeltreffend. En as die kleindogter daarby jou naamgenoot is, werk die sintuig foutloos!

Daar was egter 'n oomblik toe selfs dié sintuig my nie voorberei het vir wat gaan kom nie.

Lize het heerlik met my oor die foon gesels - alles vertel wat by die kleuterskool gebeur het, vertel van raas wat sy onverdiend by haar ma gekry het, van nuwe rooi hakskoene wat sy by haar pa gekry het, die klein kalfie wat op ouma Mara se plaas gearriveer het en toe haar welbekende groet.

Maar dié keer uitgebrei, verrassend en meer intens as ooit te vore!

"Ouma, ek is lief vir jou - tot by die wolke! - Nee, tot by die wolke verby! Nee! Ouma, ek is lief vir jou tot by die hemel en die hel...

Nou ja, ernstig en waardig het ek gesê: "My kind, ek is nétso lief vir jou! Nétso baie..."

ETIKET EN GOEIE MANIERE

Ek leer my kinders nie etiket nie. Ek leer hulle goeie maniere.
Daar is 'n verskil. Soos suiker by koffie.

Etiket is "oorgelewerde beleefdheidsvorme, voorgeskrewe gedragsvorme en welwillendheidsreëls."

Goeie maniere is omgangsnorme - die wyse waarop 'n mens jou gedra. Dit behels ook veel meer as asseblief en dankie. Dit gaan daaroor om andere in ag te neem - 'n bereidheid om gevoelens te erken, hulp te aanvaar en alle mense te respekteer. En tóg!

Tog is daar nog baie mense wat só gesteld is op etiket dat hierdie mensgemaakte reëls hulle lewens so oorheers dat hulle in die proses hulle goeie maniere verloor.

Etiket is om al wat 'n siel is uit te nooi na jou troue, maar jy openbaar swak maniere deur dit op so 'n wyse te doen dat meeste van die gaste in alle geval weet hulle is nie welkom nie. Etiket is om eers melk in jou koppie te gooi voordat jy tee skink, maar jy openbaar swak maniere deur te vra hoe jy moet skink, en dan jou gas vir wie dit regtig nie saak maak nie, te kritiseer met "O, maar daar is werklik 'n verskil in smaak."

Etiket is om prinses Fergie te kritiseer omdat sy lipstiffie in die openbaar aansmeer, maar jy is die aanmatigende bitterbek.

Etiket is glo om nóóit 'n roomys op straat te loop en eet nie - my man en kinders doen dit omdat dit lekker is. Ekself sal dit ook nóóit doen nie, want ek eet nie roomys nie.

Etiket is die afskeidsdinee van 'n vooraanstaande persoon. Etiket is die indeling van sitplekke op só 'n manier dat jy tussen twee vreemde mans sit. Ek haat dit.

Goeie maniere sou keer dat ek oor kinders, huiswerk en bediendes praat. Ek bestudeer vir twee weke die koerant intensief. Gewapen met kennis sou ek intelligent, volwasse en vol selfvertroue kon saampraat.

Saam met die voorgereg buig ek al verder agtertoe sodat hulle twee voor by my verby kon praat oor hulle skietvakansie.

Hoofgereg was die vlakvark se harsings wat weggeskiet was en sy oë wat uitgepeul het, terwyl die koedoe se voorbene albei vergruis is, maar sy kop moes behoue bly.

Nagereg - die uitruil van adresse van 'n goeie taksidermis.

Goeie maniere op pad huis toe. "Bieks sal jy asseblief by die padkafee stop en vir my 'n hamburger koop?"

SOEN

AG Visser skryf in sy "Joernaalaand" 'n lang relaas oor soen. Hy vertel van die verskillende soorte soen en soeners. Maar ook ek het my eie ervaring van soen.

Soen is vir my 'n manier waarop mense mekaar groet. As ek iemand soengroet sê ek vir die persoon: "Dag, ek is bly om jou te sien. Gaan dit goed?" Die nuwerwetse manier van groet nl. 'n terloopse "Hallo!" so op 'n afstand is vir my 'n euwel. Dit is vir mense wat mekaar glad nie ken nie. As jy nie die vrymoedigheid het om iemand te groet nie, steek dan ten minste jou hand uit - om syne te neem, nie om in die lug te wuif asof jy 'n vlieg wil vang nie.

Ek sê nou nie dat ek 'n kennis is op die gebied van soen nie, en ek bedoel regtig nou nie soen soos 'n los meisie soen nie, maar ek hou van die soengroet. Ek het menige Sondag by die kerk al vreemde besoekers gesoen. Ek is gewoonlik so besig om die res van die gemeente te soen dat ek altoos nie mooi oplet wie ek soen-groet nie.

Maar ek ken my soeners. Menige een van hulle sal ek toe-oë kan eien.

Klippies se nat, babasoen laat my hart week word. Pa se gesnorde soen laat my net soms nies. As ek tant Ellie soen, dan moet ek mooi mik, anders soen ek haar ken. Vir oom Pieter se soen moet jy nie vorentoe gaan nie, maar tru, anders beland jy op jou rug - so geweldig is die impak van sy soen.

Daar is die piksoentjies vir die kerkraad voor kerk - anders is my lipstiffie daarmee heen. Maar die hartlike totsiens soen na die diens maak op vir die afskeep van vroeër.

Ek soen graag kinders. 'n Kind se soen is spontaan en opreg. 'n Kind gee sy groet as hy soen. En hoe vuiler die mondjie, hoe lekkerder die soen.

Wat my die meeste grief is die snob-soen. Neus in die lug, lippe styf opmekaar geklem en 'n vies trek op die gesig wat sê: Ek weet nie of ek jou moet soen nie, dalk het jy kieme. Twak. 'n Hartlike boeregroet doen verhoudinge net goed... maar o wee Mev. Ds. as sy dalk vir broeder X en suster V soen maar nie vir suster W nie! Om dit uit te skakel groet ek dus maar almal. Daardeur bou ek goeie verhoudinge... en ek geniet dit boonop!

Die wyse apostel Paulus gee in menige van sy briewe die opdrag: "Groet mekaar met 'n heilige kus..." En as ek die gemeente op Sondae so hartlik soengroet, wat anders is dit dan as 'n "heilige kus?"

HOEKOM?

Hoekom is kosmos mooi en hoekom rys beskuitdeeg nie altyd nie? Dit is maar twee van die talle vrae wat ek myself afvra. G'n wonder dus dat ek ook vraerige kinders het nie. Maar hoekom moet 'n kind altyd vir 'n mens 'n vraag stel as jy jou tande borsel?

Dis Sondagoggend en ek is daarmee besig in die badkamer.

"Ma, hoekom het kameelperde sulke lang nekke?"

Ek hou aan borsel want nou het ek tyd nodig om te besin. "Gaan vra jou pa" sê ek leedvermakerig, want ek weet dat manlief nog snoesig onder die komberse lê. Terug in die kamer kam ek my hare. Sus het intussen langs Pa ingevroetel en krap sy kuif nog verder deurmekaar.

"Hoekom, Pa?"

"Hm... wat...? Jou voete is yskoud, kom lê nou mooi stil by Pa." "Maar hoekom het hulle sulke lang nekke, hê PA?"

Ek kry alte lekker en sit swierig 'n bietjie blou op my ooglede. Bly dat hy ook 'n beurt kry.

"Jy sien." gaap Pa. "Hulle moet sulke lang nekke hê omdat hulle koppe so ver van hulle lywe af is."

Ek laat sak my lipstiffie en sien my verstomde gesig in die spieël. Sus is tevrede met die antwoord. Miskien moet ek hom vra hoekom kosmos so mooi is...

HUIS, PALEIS, PONDOK, VARKHOK!

Hierdie rympie het ons as kinders gereeld op ons skoolrokke se knope afgetel en daar is gruwelik met die een gespot wie se lot dit sou wees om eendag in 'n varkhok te woon!

Min het ek geweet dat ek eendag al vier hierdie woonplekke sou bewoon...

Ek woon elke dag in 'n huis. 'n Gewone steengebou met al die nodige slaapkamers, badkamers, kombuis, sit- en eetkamer, studeerkamer ens. - heeltemal genoeg plek vir 'n gesin van vier en nog genoeg plek vir drie honde, 'n kat en 'n kokketiel om in vrede en (soms) harmonie saam te woon met oorgenoeg plek vir almal.

Maar ek woon ook in 'n paleis. As ek Vrydagmiddag na 'n lang dag van poets en poleer, opvryf, afvryf en blinkvryf, uitskud en regsit en regpak, welbehaaglik terugsak in 'n oorvol skuimbad, dan voel ek soos 'n koningin in haar paleis. Alles is skoon, alles blink, alles op sy plek. (Al is dit ook net tot die kinders van die skool af kom). Natuurlik is Pa se studeerkamer hier uitgesluit.

Maar hierdie huis-paleis van my kan baie vinnig in 'n pondok omskep word. Veral Desembermaande as al die familie met hulle tipiese pastoriegesinne kom kuier. Dan is die slaapkamers te klein, die badkamers te min, die kombuis altyd deurmekaar - trouens die hele huis in so 'n wanorde dat ek eenkeer tien minute lank na die telefoon moes soek - om dit uiteindelik tussen 'n bondel gholfkouse en rugbytruie te ontdek. Wat my pla is dat ek skynbaar die enigste een is wat bewus is van hierdie pondoksituasie - net soos ek die enigste is om my paleis-huis met al sy blingepoleerde meubels te waardeer.

En as die familie net na Nuwejaar huiswaarts keer en ek hul met 'n teen hierdie tyd gedwonge vriendelikheid totsiens wuif - is Pa die eerste een wat met 'n groot stem bulder: Vrou, hierdie plek lyk erger as 'n varkhok... en dan gaan sit hy met die vorige maand se Hervormer in sy gemakstoel en rook die reeds oorvol asbakkie nog voller.

Dan begin ek maar weer stadig om uit die warboel van die varkhok 'n beduidenis van 'n huis te skep. En as Pa en die kinders al lankal in droomland is, sak ek uiteindelik terug in my skuimbad.

Ek mag wel doodmoeg wees, maar ek is weer koningin in my varkhok, pondok, huis -Paleis!

DIE NAGKABAAI

In die somer slaap ek in my dienlike en ordentlike nagrok, pienk of blou, geel of groen - pastel sag. Ek hoor toe by my vriendinne dat 'n mens 'n bietjie woema in die huwelik kan sit (of wegneem!) deur die nagklere wat jy dra. Ek wou beslis nie die vonk wat nog bestaan blus nie. Ek wou die verhouding opkikker, nuwe lewe gee.

Ek het artikels begin lees en tot my verbasing uitgevind dat die algemene opvatting is dat swart nagklere "iets" vir jou doen. My soektog het begin en ek het nagklere gesien soos ek nog nooit gesien het nie!. En as ek nog kyk, sê die verkoopsdame: "voel Mevrou, voel die tekstuur!" Ek het dus gekyk en gevoel.

Die konserwatiewe lengte met min ontbloting, het nie lekker gevoel nie. Hulle was meestal van die klewerige, staties gelaaide lap. Die wat lekker satynagtig en sag gevoel het, het my eie asem weggeslaan! Min lap - baie kant en strikkies.

En toe vind ek dit - stemmige lengte, stemmige halslyn met, as enigste gewaagde aspek, 'n opening vir die "been wys" in die sy - dit wil sê 'n half toegestikte naat sodat die been wys as jy beweeg. Ek het by myself gedink, as dit te veel woema gee, stik ek die naat toe!

Ek koop dit en vroegaand begin ek al die horlosie dophou. Teen negeuur begin ek skaamteloos gaap! Dit was ook nie lank nie of dit begin aansteeklik inwerk. Toe my ou wederhelf so lekker in die bed lê en lees, maak ek my verskyning - in die swart nagkabaai. Ek leun teen die deur, met die knie net so effens in die gleuf van die naat.

My man gaap my aan! Hy is behoorlik sprakeloos! En my hart sing - Dit werk! Dit werk!

Toe stamel hy: "Vrou! Wie is dood? Oor wie rou jy nou?!"

Dit werk nié! Ag ja...

Kital